



NUUSBRIEF



Dis moeilik om te glo dat ons die einde van die derde kwartaal nader. Interskole was weereens opwindend! Al was al ons spanne nie suksesvol nie, is ons steeds trots op ons leerders se gedrag op en van die veld. Dankie aan ons ouers wat gedurende die afgelope sportseisoen hul kinders so getrou ondersteun het.

LEERDERSAKE

Matrieks:

Baie sterkte aan ons matrieks met julle September-eksamen. Ons groet julle eersdaags en glo dat julle mooi herhinneringe van vyf gelukkige koshuisjare met julle saamneem.

Huiskomitee:

Die nuwe HK vir 2017 is bekendgemaak. Hartlik geluk aan die verkose leerders en hul ouers. Baie dankie aan die 2016-HK vir jul diens en vir die mooi voorbeeld wat jul gestel het. Dit het beslis bygedra dat daar 'n goeie, samewerkende atmosfeer in ons koshuise heers.



DISSIPLINE

Voertuie op die terrein:

Baie dankie aan die ouers wat die regte prosedure gevolg het deur die deposito te betaal en die voorgeskrewe vorms in te handig.

Ons ervaar ongelukkig baie probleme met matrieks wat onwettig motors op ons perseel aanhou. Daar is selfs enkeles wat deur hul ouers toegelaat word om sonder rybewys te bestuur. Hierdie aangeentheid word in 'n baie ernstige lig gesien en raak die veiligheid van al ons leerders.

n Ernstige beroep word op alle matrieks en hul ouers gedoen om asb. die reëls na te kom. Diegene wat versuim om gehoor te gee, se motors sal voortaan geklamp word. 'n Boete van R500 sal betaal moet word voordat die klamp verwyder sal word en die leerder verbeur dan ook die voorreg om 'n motor op die perseel te hê.

FINANSIES

Al die afdeling van die koshuise is tans binne hul begroting. Die inkomste uit besoekers gedurende die afgelope vakansie versterk ook ons fondse aansienlik. 'n Opregte woord van dank aan al ons personeel vir hulp in die verband. Hierdie addisionele inkomste word aangewend om die koshuise meer huislik te maak vir ons leerders sonder dat ons ouers koshuisgeld daarvoor gebruik hoef te word – soos hieronder aangedui.

INFRASTRUKTUUR

Projekte

KALAHARI VISSER

Bouwerk vir uitbreiding van kamers aan dogterskant is afgehandel.

Nuwe matrasse word aangekoop.

16 Kameras is geïnstalleer.

Die vooraansig word eersdaags geverf.

HUIS McFARLANE

Die Frikkie van Zyl-vleuel is geverf en die vooraansig van koshuis sal binnekort ook geverf word


Nuwe waterfonteine is aangebring.

3 Enkelbadkamers aan die dogterskant is oorgedoen.

Die staalvensters aan die seunskant is met aluminiumrame vervang en ons is tans besig om alle badkamervensters te vervang.

Fase 2 van nuwe gordyne aan die dogterskant is voltooi.

'n Nuwe warmwatertenk word aan die dogterskant aangebring .



HUISHOUDING:

Ons wil graag die portale op elke vloer aan die dogterskant meer gesellig inrig. Tafels met stoele en rusbanke word benodig. Indien iemand ekstra meubels het en dit wil skenk kan u direk met Mev.Carina Momsen skakel.

KOMMUNIKASIE EN BEMARKING:

Die streeksaamtrek in die Overberg was 'n reuse-sukses! 'n Spesiale woord van dank aan Kotie, A.J. en Elmien du Toit vir die reëlings en hartlike ontvangs.

'n Streeksaamtrek word vir die Weskus beplan op 15 September 2016 om 18h30 te Riviera Hotel, Velddrif. Alle oud- en huidige Gimmies asook voornemende ouers word genooi om saam te kom kuier. RSVP teen 10 September 2016 aan Irma Viljoen by 0832693194.

Koshuisgroete

André Oberholzer

KOSHUISHOOF

BELANGRIKE DATUMS

2—4 September 2016

Uitnaweek

10—11 September 2016

**HK-Kamp te
Matroosbergstasie**

15 September 2016

Weskus-saamtrek

30 September 2016

Skool sluit

10 Oktober 2016

Skole begin